:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Deel XXIII. FEBRUARIE 1956. Nr. 4.

# *Opdrag*

Soos uit die inhoud en opset van hierdie uitgawe blyk, is dit opgedra aan prof. dr. A. J. H. v.d. Walt. Die aanleiding hiertoe is dat dr. V.d. Walt, wat die eerste voltydse hoof was van die Universiteit van Suid-Afrika, eersdaags as sodanig uit diens tree. En die rede tot die besondere opdrag van hierdie uitgawe is nie alleen dat dr. V.d. Walt in sy bogenoemde funksies baie waardevolle en algemeen erkende pionierswerk verrig het nie, maar ook dat hy besonderlik aan ons eie engere kring verbonde was deurdat hy aan die P.U. vir C.H.O. die grondslag gelê het van die departement van Geskiedenis en ook in velerlei ander verband. Ook die redaksie van *Koers* wil graag aan dr. V.d. Walt 'n aangename en vrugbare rustyd toewens so ver dit betref die professionele akademiese arbeid, en saam met hom ook aan mev. V.d. Walt.

Red. *Koers.*